



Gesinne in Harmonie

Volume 14, Mei 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Mei is gewoonlik die maand waarin ons Moedersdag vier en hierdie jaar val dit op die 13de Mei.

Moeders kom in verskillende vorme, naamlik -

- 'n biologiese mamma
- 'n ouma
- tannie
- Juffrou of dagmoeder of naskooljuffrou
- stiefma's of ma's van aangenome kinders of voogma's

Ek is seker elkeen van julle kan, as julle daarvoor dink, 'n geur of liedjie aan jul ma / ouma koppel. Of 'n spesifieke gesegde of spreuk.

Verskillende mense ervaar hul ma's verskillend, maar vergeet, kan jy hulle nooit

nie. Dis immers die vrou wat aan jou lewe geskenk het, jou gehelp het om jou eerste treë te gee en jou eerste woorde te sê.

Sommige van ons het net soveel kosbare herinneringe aan ons oumas of 'n spesiale tannie of selfs 'n juffrou.

Die punt is: vroue speel 'n baie belangrike rol in die lewens van die meeste mense, **maar jou ma bly die besonderste van almal.**

Ons fokus hierdie maand op die rol van die ma (en elke vrou wat 'n invloed op 'n kind se lewe kan uitoefen), nie net op haar eie kinders nie, maar ook in die algemene gemeenskap.

'n Geseënde Moedersdag aan elkeen van julle!

Saam in Sy diens,

Lita

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerksaal

- ♦ 6 en 13 Mei - Kinders in die Kerk
- ♦ 20 Mei - gewone klas
- ♦ 27 Mei - Nagmaal - Vervang ook Gesinne in Harmonie-diens van Junie. Spesiale fokus op betekenis van Nagmaal vir kinders - Kinders woon saam met ouers by

Manne-Oase

- 4 Junie om 18:30

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

'n Porseleinkoppie voll!



Porseleinkoppies, vrolik geverfde skinkbordlappies, 'n blommetjie, en 'n gewone pot Engelse tee of selfs rooibostee kry somer nuwe betekenis en word lafenis vir 'n moeë lyf, seer voete, moedelose hart.

As jy moeg gewerk is, gee 'n koppie tee jou nuwe energie. As jy warm kry, koel dit jou af. As jy moedeloos is, gee dit jou weer woema om aan te gaan en die lewe in die oë te kyk.

Dit is sekerlik nie die spesifieke tee-soort se uitwerking nie, hoewel baie mense met my sal verskil... Ek is van mening dat 'n koppie tee vir jou brein vertel dat hy kan rus, vir jou liggaam dat môre nog 'n dag is, en vir jou hart dat daar altyd troos by 'n hartsvriendin sal wees.

Hoekom koffie ooit die naam 'boeretrou' gekry het, weet ek nie, want dit het net nie dieselfde uitwerking as 'n koppie tee nie.

Teetyd is spesiaal. Jy kan dit alleen doen, maar die lekkerste is 'n koppie tee saam met 'n vriendin saam met wie jy kan huil of lag of somer net stilwees. Iemand wat jou hart verstaan en weet dat porseleinkoppies of -bekers tog 'n verskil maak aan die smaak van die tee.

Maak hierdie maand tyd vir 'n lekker pot tee saam met jou hartsvriendin - en 'wees' net!



Ds Ewald van Rensburg is ons gasspreker.

Kontak gerus vir Basson Geldenhuys om jou plek te bespreek.

071 6488 656

Daar sal weer vir die kinders videos in die oase vertoon word terwyl die ouers die kursus bywoon.

Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: mootcare@vodamail.co.za



Onthou die Huweliksfees 4-6 Mei!





Gesinne in Harmonie

Volume 14, Mei 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Wat is 'n huis sonder 'n Moeder?

Ek is seker baie van julle onthou nog die outydse borde of prente wat in ons oumas se huise gehang het met dié vraag.

Ons het bure gehad in wie se huis dit in die voorkamer gehang het - vandag is 'voorkamer' ook eintlik 'n woord wat nie regtig meer gebruik word nie, net soos die woord 'Moeder' ook nie eintlik meer gebruik word nie.

Het dit iets te doen met 'outyds' wees of nie wil wees nie? Of is dit dalk 'n geval van respek vir ouers wat nie meer bestaan nie? Sommige ouers verkies selfs dat hul kinders hul liewers op hul name noem, want dit streel hul ego's en laat hulle jonger voel.

Meeste mense sal seker sê dat dit nie een van die twee is nie, maar net dat ons baie meer gemaklik is met meer informele aanspreekvorme en dat dit ook nie werklik gaan oor die naam wat jy gebruik nie, maar die manier waarop jy dit gebruik.

Ek wil my verstout om te sê dat daar eintlik 'n bietjie van albei is - ons het baie gemaklik geraak met meer informele aanspreekvorme in die werk, by die kerk, selfs in ons huise. Gepaardgaande daarmee is daar 'n definitiewe verslapping in die wyse waarop daar met respek teenoor mense in gesagsposisies opgetree word.

Ons onderwysers sukkel met dissipline, ons ouers sukkel daarmee en selfs by die werk en in die politiek het dit 'n probleem geword.

Kinders is meer uitgesproke (nie noodwendig 'n negatiewe ding nie) en dikwels tree hulle sonder respek en uitdagend teenoor ouer mense op (hierdie is wel 'n probleem).

'n Kind kan die aanspreekvorm 'Ma' of 'Moeder' of 'Mamma' gebruik, maar die manier hoe hy of sy dit gebruik, dui aan wat die graad van respek is wat hy of sy vir die ma as ouer het.

Selfs al is die dogter of seun en die ma beste vriende, moet die gesagslyn nog steeds getrek word en een manier om dit te doen, is om aan te dring dat daar van kleins af met respek gekommunikeer word.

Dit beteken dat daar ook besliste grense moet wees - die stemtoon van 'n kind (en ook van 'n ouer) byvoorbeeld, moet respek aandui vir die ander persoon.

Kinders wat van jongs af leer om gesag te aanvaar en ander met respek te behandel sonder dat hulle toelaat dat daar op hulle getrap word of sonder dat hulle self verkleinerend teenoor ander optree, word dié volwassene vir wie ander baie respek sal hê.

Respek kweek respek

'n Ma in 'n huishouding se rol is baie meer as om net die taxi te wees wat sorg dat almal op die regte tyd op die regte plekke is.

Sy verdien respek - van haar kinders, sowel as van haar man. Sy is die een wat die gom is wat die huis aanmekaar hou lank nadat almal grootmense is en self hul eie kinders het, wat die foto's plak en sorg vir familiebyeenkomste. Sy sorg dat almal se sokkies in die regte pare bymekaar in die kas gebêre word, dat kosblikke gepak word, die begroting klop, daar genoeg kos op die tafel is, almal skoon klere het en dat daar nog met huiswerk en skooltake ook gehelp word.

'n Ma verdien 'n medalje bloot net vir die feit dat sy sonder ophou liefhet.

Sy verdien respek.....

Lewensleuses

In die tye wat ons leef, raak dit al moeiliker om die regte ding onder alle omstandighede te doen.

En ons as ouers word elke dag uitgedaag met die verswakking van morele standaarde om ons, wantroue onder kollegas, besige skedules en nog die kinders se programme ook.

Met voorbeelde in die media van bedrog, 'schemes', foute wat mense maak en deur die media opgeblaas word, omdat 'n storie belangriker is vir verkope as wat mense se gevoelens is, moet mens werklik daarop konsentreer om nie vasgevang te word in die hoofstroom van alles aanvaar en maar laat aangaan nie.

Woodrow Wilson, die 27ste president van die VSA het in 1919 die Nobelprys vir vrede ontvang. Sy hele lewe was gegrond op wat God in die Bybel sê.

Hy het dikwels gesê: **"I want to do the right thing whether it is popular or not."**

Wonderlik as 'n leier van 'n land se lewensleuse absolute integriteit weerspieël!

Wat is jou lewensleuse? Wat is jou huis en jou familie se lewensleuse?

Josua sê in Josua 24:15: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."

Om die Here te dien is 'n keuse. Nie een wat ons alleen maak nie, maar wat ons ook as 'n familie maak. Omdat God Hom met ons versoen het. Ons kies om met God versoen te raak. Ons kies om vergifnis ons lewensreël te maak omdat ons dit by God geleer het.



Gesinne in Harmonie

Volume 14, Mei 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Net 'n Ma - ontvang per epos

My vrou was besig om haar lisensie by die Munisipale Verkeers-kantoor te hernu, toe die klerk vra watter tipe beroep sy beoefen. Onseker hoe om die vraag te beantwoord, huiwer sy... "Wat ek bedoel," sê die klerk, "Het u 'n werk of is u net 'n ..?"

Natuurlik het ek 'n werk,"sê my vrou blitsig. Ek is 'n Ma." Ons lys nie Ma's as 'n beroep nie, maar **Huisvrou** sal goed wees, stel die klerk met empatie voor.

Sy het totaal en al van die storie vergeet tot eendag, toe sy haar weer in dieselfde situasie bevind het, dié keer by die Stadsraad. Die klerk het na 'n professionele vrou gelyk, selfversekerd, bekwaam, en seker in besit van een of ander hoë en belangrike titel, iets soos Interrogasiebeampte of Stadsregistrator. "Wat is u beroep?" het sy belangrik-ondersoekend gevra.

Wat my vrou dit laat sê het, weet ek nie, maar die woorde het net eenvoudig by haar mond uitgekom: "Ek is **Navorsingsassosiaat in die studieveld van Kinderontwikkeling en Arbeidsverhoudinge.**"

Die klerk vries skielik, hou op met skryf en kyk op na my vrou asof sy haar nie reg gehoor het nie. Sy herhaal toe die titel, stadig en met klem op die belangrikste woorde, en staar met verbasing hoe haar verklaring neergeskryf word in donker, swart ink op die beampte se vraelys. Mag ek vra, sê die klerk met nuwe belangstelling, wat presies doen u in u veld?" Rustig, sonder enige teken van verbouereerdheid in haar stem, het sy haarself die vraag hoor antwoord:

"Ek het 'n voortdurende program van navorsing, (watter ma het nie?) in die laboratorium en in die veld (normaalweg sou sy sê binnenshuis en buitenshuis). Ek is besig met my Meesters, (eerste die Here en dan die hele familie) en ek het alreeds vier toekennings (almal dogters). Hierdie werk is natuurlik een van die mees veeleisende beroepe in die geesteswetenskappe, (enige ma wat wil stry?)

Ek werk gereeld 14 ure per dag, (24 is meestal die geval). Maar die werk is 'n groter uitdaging as die meeste alledaagse beroepe en die vergoeding is eerder die satisfaksie wat ek daaruit kry, as die geld." Daar was 'n duidelike toon van respek in die klerk se stem nadat sy die vraelys verder voltooi het, opgestaan, en my vrou met die hoogste agting persoonlik tot by die deur vergesel het.

Toe my vrou by die huis kom, opgeruimd met haar nuwe skitterende beroep, word sy gegroet deur haar laboratorium assistente 13, 7 en 3 jaar oud. In die slaapkamer kon sy ons nuwe eksperimentele model (6 maande oud) in die kinderontwikkelingsprogram hoor, wat besig is om 'n nuwe vokale patroon uit te toets. Sedertdien het sy 'n konstante behaaglike glimlag op haar gesig, gevoed deur haar oorwinning oor die burokrasie. En sy is nou op die amptelike munisipale rekords vasgelê as iemand wat meer uitmuntend en onmisbaar aan die mensdom is as net nog 'n Ma'.

Moederskap! Wat 'n wonderlike beroep!

En om te dink ek het my vrou gehelp om daardie titel te verwerf.

Ek is sommer lus en skryf dit op 'n goue bord op ons slaapkamerdeur!

Maar nou wonder ek: Sal oumas dan dalk Senior Navorsingsassosiate in die studieveld van Kinderontwikkeling en Arbeidsverhoudinge wees? En oumas wat inbly Uitvoerende Senior Navorsingsassosiate? Wat van Tannies wat gereeld kom kuier? Assosiaat Navorsingsassistente.

'n Wonderlike Moedersdag aan al ons Mammias, Oumas, Tannies in ons gemeente!

Ons Huisreëls:

1. **Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word**
2. **Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef**
3. **Luister as iemand anders praat**
4. **Pas alle eiendom op**
5. **Tre e altyd toepaslik op**

- Anoniem -

Verwondering is die basis van aanbidding

Thomas Carlyle

Maar ek en my huis, ons sal die Here dien.

Josua 24:15



Die hart van elke huis en elke familie word gehou in die saamgesnoerde hande van 'n Pa en 'n Ma wat hul oë op God gerig hou en hul hande in Syne laat toevou



Gesinne in Harmonie

Volume 14, Mei 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooi

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

DVD: 'Courageous'

Hierdie film is 'n gesinsfilm wat aan elke hart sal raak, maar fokus veral op die rol van die Pa in 'n gesin - soos God bedoel het dit moet wees. Die karakters word eg uitgebeeld met hul foute en tekortkominge en ook met deernis teenoor die verantwoordelikheid wat op 'n pa se skouers rus om in sy gesin se fisiese, sowel as geestelike en emosionele behoeftes te voorsien.

Vyf vriende, van wie vier polisiemanne, hul gesinne met hul alledaagse probleme van moeilike tieners, finansiële tekortkominge en stres, sowel as die versoekings wat oor hul pad kom, en selfs dood in die gesin, word uitgebeeld. Gewone mense met gewone lewens soos ons.

Die vriende besluit om saam op te staan en God se wil in hul lewens te soek en na te volg, hul verantwoordelikhede teenoor hul vrouens, kinders en die gemeenskap ten volle na te kom, al is die pad swaar. Hulle maak 'n seremonie daarvan en hang dan die "Resolution" wat hulle self geskryf en onderteken het, in hul huise op. Natuurlik is die lewe nie maanskyn en rose nie en hulle beleef versoekings en uitdagings op verskillende maniere.

Opofferings wat gemaak word wanneer mens daarop ingestel is om God se wil te vra en te doen, word uitgebeeld met die versekering dat, selfs al is dit 'n moeilike en soms baie eensame pad, dit wel uiteindelik die moeite werd is en dat God jou nooit alleen laat nie.

Statistieke van die invloed van die afwesigheid of onbetrokkenheid van Pa's in die lewens van so baie kinders, is skrikwekkend, maar 'n werklikheid. 'n Mens assosieer baie maklik met die karakters se probleme en uitdagings, sowel as hul vreugdes.

'n Pragtige oomblik tussen Pa en dogter word uitgebeeld waar een van die polisiemanne sy 15-jarige dogter na 'n baie duur restaurant vat en haar vertel hoe spesiaal sy vir hom is en hoe hy haar wil beskerm teen alle versoekings in die lewe. Hy gaan met haar 'n ooreenkoms aan dat hulle saam haar lewensmaat sal kies, iemand wat God bo alles liefhet, want dan sal hy ook sy vrou respekteer en liefhê. Dan gee die pa vir sy dogter 'n ring ('n egte een!) met 'n hartjie en sit dit aan haar ringvinger met die wens dat dit eendag deur haar trouing vervang sal word wanneer sy trou met die man wat dan sy werk as bewaarder van haar hart sal oorneem.

Die film is in dieselfde kategorie as 'Fireproof' en word sterk aanbeveel - veral vir alle Pa's.

(Belê nou in 'n Vadersdaggeskenk vir Juniemaand en maak seker jou man kry hierdie DVD - dis 'n belegging in sy toekoms, sowel as in die toekoms van jou en jou kinders! Dit is by enige goeie musiekwinkel te kry - net R99,00 by Musical!)

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

Die Koffiepot
vir Volume 1-3 van
Ouers in Harmonie en
nou Gesinne in Harmonie!

Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnummer:
084 464 7102

Epos:
peet@productivitysa.co.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnummer:
071 6488 656

Epos:
basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnummer:
082 453 8421

Epos:
brendabarnard@gmail.com

Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnummer:
084 038 8993

Epos:
caddvanzyl@absamail.co.za

Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnummer:
083 420 2217

Epos:
djennadia@gmail.com

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnummer:
082 453 8421

Epos:
lspreeth@sars.gov.za

Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnummer:
082 444 1112

Epos:
phmalan@gmail.com